




Jrg. 10 Kaapstad, 16 Mei 1951 Prys 3d. Nr. 24

„Het Strydom Op Plek Gesit Met Sy Republiek”

Die inligting omtrent 'n kookusbesluit van die H.N.P. 'n paar weke gelede waardeur republikeine soos mnr. J. G. Strydom en ander belet is om hulle oor die republikeinse ideaal uit te laat, is verder bevestig — nie net deur min. Strydom se opvallende vermyding van die republikeinse kwessie in sy openbare toesprake nie, maar ook deur 'n Kaaplandse lid van die H.N.P.-kookus wat met heelwat oorwinningsvreugde aan iemand gesê het:

„Ons het Strydom met sy republiek darem lekker op sy plek gesit op die laaste kookusvergadering.”

Hoe ver het die leiers van 'n party op die pad van republikeinse onafhanklikheid gevorder wanneer hulle hul ondergeskiktes verbied om propaganda vir 'n republiek te maak ten spyte van 'n republikeinse klousule in die party-konstitusie?

Hoe ver het ons na die republiek gevorder sedert die dae toe daar „silwerkoeëls vir die Republiek” op groot-skaal ingesamel is?

(Lees ons hoofartikel op bladsy twee).

BRITTE STUUR MEER RUBBER TOE SJINESE INMENG

Dit blyk dat Brittanje gedurende die eerste kwartaal van hierdie jaar, dit wil sê net nadat die Sjinese in Korea ingemeng het, sy uitvoer van rubber na Sjina na 'n peil opgeskuif het wat twee en 'n half maal so hoog is as wat voorheen die geval was.

Churchill het na hierdie feit verwys toe hy verlede week deelgeneem het aan die debat oor die verskaffing van oorlogsmateriaal deur Brittanje aan Sjina onderwyl Sjinese soldate in Korea teen die V.V.O. veg. Ingevolge 'n versoek van die Amerikaanse regering het die Britse regering nou opdrag aan Maleia en Borneo gegee om geen verdere rubber hierdie jaar na Sjina uit te voer nie.

Volgens die Britse minister van handel het Brittanje en sy Oosterse kolonies tesame £127,000,000 se waarde aan goedere in die afgelope nege maande na Sjina uitgevoer.

S.A. MEER BRITS AS ANDER MET IMMIGRASIE

Vergelykende syfers in verband met immigrasie wat deur dr. T. E. Dönges, minister van Binnelandse sake, in die volksraad verstrek is, toon dat die Unie se persentasie immigrante uit Brittanje veel groter is as dié van enige ander Statebondland.

Waar die immigrasie uit Brittanje na Kanada verminder het van 46,057 in 1948 tot 13,427 in 1950, het die immigrasie uit Brittanje na die Unie verminder van 25,502 in 1948 tot 6,028 in 1950.

In 1948 het Kanada 37 persent van sy immigrante uit Brittanje gekry en die Unie 71.6 persent. In 1949 was die persentasie vir Kanada 24 persent en dié vir Suid-Afrika nog 65.3. Waar in 1950 maar agtien persent van Kanada se immigrante uit Brittanje gekom het, was dit in die Unie nog steeds 47 persent.

Australië het in 1949 maar 35 persent van sy immigrante uit Brittanje gekry.

SONDER AGITASIE GEEN REPUBLIEK

Dit mag nogal heeltemal goed en reg klink om te beweer, of as beginsel te aanvaar dat die stigting van 'n republiek op die „breëre volkswil” moet berus. Maar daardie „breëre volkswil” moet verkry word deur die mense daartoe te beïnvloed.

Daarenteen is die dodelikste wapen teen die verkryging van daardie volkswil die stryd teen propaganda vir 'n „breëre volkswil.” Jy beveg en vernietig die middel om die volkswil te skep, skryf die onderleier van die O.B., mnr. J. A. Smith.

Ervaring leer tog immers dat die grootste inspanning en agitاسie vereis word om selfs die nodigste vir 'n volk te bereik. Want die menigte moet gelei word.

Laat ek dit so stel: Daar sal nimmer 'n dag aanbreek dat die menigte sonder leiding en aanwysing self 'n republiek sal eis nie. Dit moet in die kern begin en deur die kern verbreed, uitgebrei word tot die „breëre volkswil” as dit alleen voorwaarde vir die stigting van 'n republiek moet wees.

Deur propaganda is telkemale die „breëre volkswil” tot uitstel en berusting in 'n minderwaardigheidsposisie beïnvloed. En deur die invloed van woord en daad van leiers en koerante neem die volk selfs genoë om die verwesenliking van sy wens uit te stel, selfs om beveg te word. Ek sê dat as deur propaganda soos indertyd deur genls. Botha en Smuts die oud-republikeine selfs sover beweeg kon word om die ideaal van 'n republiek so volkome af te sweer, kakie-uniforms aan te trek en hul eertydse generaals met geweer en kanon agterna te sit en plat te skiet omdat hulle 'n republiek wou hê — ek verwys na die rebellie — dan kan dr. Malan, mnre. Strydom, Havenga, u en ek saam deur middel van propaganda die meerderheid beweeg om deel te neem aan enige daadwerklike stappe vir die stigting van 'n republiek met dr. Malan as president in die plek van George VI as koning! Die, wat hulle nie daartoe sal laat beweeg nie, is diegene wat ook nou die Kleurlinge, Naturelle en Indiërs tot verset opstook oor wetgewing wat dan seker nie op „breëre volkswil” gegrond is nie!

GEEN VOLKSTEMMING

Daar is geen volkstemming gehou om die betrokke artikels van die grondwet en almal voor dit te wysig nie. En tereg ook nie. Dr. Malan weet dat die nasionaalgesinde deel van die volk hier agter hom staan. Hy

sal weet dat ook hulle en nog meer agter hom staan as hy die stigting van 'n republiek sou bepleit.

Dit moet vir elkeen duidelik wees hoe verkeerd dit is om teen persone of organe op te tree omdat hulle die volk wat terwille van partygewin weggetoor is van sy eertydse oortuiging en ideaal, die republiek, weer wil beïnvloed om terug te keer tot die enigste eerbare grondslag van 'n eie volksbestaan. Proklameer vandag 'n republiek en binne 'n jaar sal niemand dit wil verruil vir iets minderwaardigs nie.

Net deur die feit dat nasionaalgesinde leiers en hul koerante diegene aanval, veroordeel en beveg wat om 'n republiek roep, word die verkryging van die „breëre volkswil” onmoontlik gemaak en dryf Suid-Afrika vinnig weg van die ideaal van 'n republiek. Met ander woorde, nimmer sal daar ooit 'n „breëre volkswil” langs die weg van die bevegting van propaganda vir 'n republiek ten gunste van 'n republiek verkry word nie. En ek vertrou terwille van ons volk dat ons nasionaalgesinde leiers tog hierdie logika sal begryp want anders is ons volk gedoem.

ALMAL VERPLIG

Hy wat kan, dié wat 'n mond het, hy wat in enige posisie gestel is om propaganda vir 'n republiek te maak en dit nie doen nie, leer die volk selfmoord of ewigdurende minderwaardigheid!

As daar hoegenaamd enige rede weens buitelandse omstandighede, ekonomiese toestande, verhoudings tussen ons en ander moondhede, jingo-agitasie binnelands, slegte rassegevoelens onderling mag bestaan — en dit bestaan — dan is daar nog meer redes en 'n dringender noodsaaklikheid om Suid-

Verborge Wrewel Dryf Jode Tot Hoogverraad

Die Jewish Chronicle in Engeland probeer in een van sy jongste uitgawes 'n verklaring gee van die feit dat dit hoofsaaklik Jode is wat betrokke is by kommunistiese spioenasie in die Weste. Die blad handel oor die groepie atoom-spioene wat 'n paar weke gelede in Amerika gevonniss is en wat almal Jode is, te wete Julius en Ethel Rosenberg, David Greenglass en Morton Sobell. Hy spreek verbasing uit oor die feit dat Jode op so 'n skaal die middelpunt van kommunistiese spioenasie uitmaak, en bied daarvoor die volgende verklaring:

„In die algemeen gesproke is daar twee metodes van te rebel-leer teen onderdrukking of onbillike diskriminasie: deur of weg te vlug tot buite bereik daarvan of deur dit

aktief te beveg op sy eie terrein. Jode het albei metodes toegepas, soos in die eerste geval blyk uit die grootskaalse landsverhuising uit Oos-Europa na die Weste en die dryfkrag wat deur die Sionistiese ideaal gegee is, en in die tweede geval, deur die idealistiese aanvaarding van revolusionêre leerstellings soos die kommunisme wat bevrediging gee aan die diepliggende onbewuste begeerte om terug te slaan.”

VERBORGE WREWEL

Die blad gaan voort deur te sê dat ten spyte daarvan dat Amerika 'n toevlugsoord was vir miljoene Jode, hulle nog sterk bewus is van 'n baie diep en wydvertakte stelsel van onderdrukkende praktyke teen Jode in die Verenigde State, veral in maatskaplike kringe. Indien die Amerikaners dit sou besef, aldus die blad, sal hulle nie verbaas wees om te vind dat daar 'n aantal Jode is wie se wrewel, wat bewus en onbewus gevoed word, uitdrukking vind op aktiewe en afwykende wyse.”

ONBETROUBAAR

Die verklaring van hierdie Joodse blad, naamlik dat in 'n land soos Amerika waar Jode in die mees bevoorregte posisies geplaas word — selfs aan die hoof van atoomgeheime, soos in die geval van David Lillenthal, en as hoofraadgewers van die president, soos in die geval van Joseph Baruch — sommige van hulle nog 'n opgekropte wrewel „bewus of onbewus” in hulle rondra wat hulle tot verraad beweeg, is iets waarvan die Westerse staatsmanne behoorlik kennis behoort te neem. As die Jode onderhewig is aan sulke sielkundige spanninge, dan is dit uiters gevaarlik om hulle in sleutelposisies te gebruik, soos veral in Amerika en Brittanje gedoen word. Die onderminister van verdediging in Amerika, byvoorbeeld, is 'n Jodin met die naam Rosenberg, terwyl albei die Britse ministers wat met die land se militêre sake belas is, Jode is, te wete Shinwell (minister van verdediging) en Strachey (minister van oorlog).



Mnr. J. A. SMITH

ons dit doen, sal ons noodwendig ons swakkere broers moet kritiseer en vermaan soos dit betaaamlik vir die geestelike sterkere broer teenoor die geestelike swakkere is. Daar is net een weg van eer. Hierdie weg van eer is vir elke nasionaalgesinde Afrikaner, leier of volgeling, om al sy kragte te wei aan die verbreeing en uitbouing van die republikeinse ideaal onder diegene wat met soveel inspanning op die politieke terrein weggevoer is van wat hulle eertyds as heilig aangekleef het. Dit het baie gekos om hulle weg te voer van 'n republiek af. Dit sal net soveel vereis om hulle weer terug te voer.

WATTER WAARBORG

Alle militêre inligting gaan deur die hande van hierdie persone. Kan die Jewish Chronicle waarborg dat hierdie bepaalde Jode vry is van daardie gevoel van onderdrukking wat kleef aan Jode wat met soveel vertroue geplaas is in hoë posisies in die atoomnywerheid?

Die verklaring van die Joodse blad maak dit baie duidelik dat 'n Jood 'n onvergeenogde wese in enige vreemde staat is ten spyte van d'e gasvryheid wat hy daar mag geniet. Hy kan dus alleen in sy eie vaderland die verantwoordelikhede dra wat van sleutelpersone verwag word.

DIE O.B., WOENSDAG, 16 MEI 1951

REPUBLIKEINE MOET NADER STAAN

Die feit dat 'n nasionale party-koukus, met 'n republikeinse artikel in sy program van beginsels, sy lede belet het om hulle oor die republiek in die openbaar uit te laat, is 'n baie ernstige saak. Dit toon duideliker as enigiets anders in watter rigting die wind waai.

En hierdie feit alleen is genoegsame rede om alle republikeine, ongeag hul party-verband, te oortuig van die noodsaaklikheid van 'n republikeinse front om die vernietiging van ons ideaal te voorkom. Want laat ons dit goed verstaan: As die republikeinse vlam nie meer deur nasionale leiers aangeblaas mag word nie, sal hierdie ideaal kwyn soos dit binne die Suid-Afrikaanse Party onder die Botha-leiding doodgekwyn het; want enige ideaal is per slot van sake maar net so sterk as die krag waarmee daarvoor geywer word. Wanneer al ons leiers swyg — veral diegene wat voorheen bekend was vir hul ywer — sal die nie-republikeinse leier eerlang met vernietigende logika triomfantlik kan uitroep: „Maar die volk wil geen republiek meer hê nie!” Inderdaad is daar dan ook reeds denkende Afrikaners wat die vraag stel of die volk werklik nog 'n republiek begeer.

Vir diegene wat bekend is met die invloed wat 'n politieke party en sy magtige pers op die volkswil uitoeven, is hierdie vraag maklik te beantwoord. Partytrou „terwille van groter sake” en party-dissipline soos nou weer in die koukus van die H.N.P. uitgeoefen word, maak van die volk klei in die hande van politici. Onder die magtige propaganda van die moderne pers in die hande van 'n gekonsentreerde groepie wat weet wat hy wil, kan die volkswil nie meer in terme van die openbare mening, wat deur die pers self geskep word, vasgestel word nie. Dit het dan ook 'n oorlog in 1914 gekos om maar net sommige van die republikeine in die Botha-party te ruk uit hul stilswygende aanvaarding van die imperialistiese beleid van hul party. 'n Paar maande tevore het rebelle nog teen Hertzog geskel omdat hy gestaan het vir „Suid-Afrika eerste!”

MAAR OORGEET?

Met hierdie feit voor oë sal elke republikein homself die vraag moet stel of hy bereid is om stil te sit onderwyl sy republikeinse strydgenote die een na die ander afgelei word van die vryheidspad — 'n taak wat soveel makliker vandag is omdat die republikeine verdeeld staan in verskillende geïsoleerde groepe. Daar is goeie en sterk republikeine binne die H.N.P. en die Afrikanerparty. Trouens dit was nog altyd 'n riem onder die hart om te weet dat manne soos mnre. J. G. Strydom, Eric Louw, dr. H. F. Verwoerd en andere die republikeinse ideaal binne die party hoog gehou het ten spyte van hul stryd teen die O.B. Maar nou moet hierdie voormanne swyg oor die republiek, en die indruk skep — sover dit die publiek betref, dat hulle koud geword het teenoor hul eie ideaal, die indruk skep dat hulle nie meer glo dat 'n republiek nodig of nuttig is nie. Die publiek sal nie meer onthou nie dat mn. Strydom 'n paar weke voordat hy die swye opgelê is, te Stellenbosch verklaar het: „As ons hierdie ideaal sou laat vaar, sal ons sielloos en doelloos word en sterf.”

REPUBLIKEINSE BEWEGING

Daar is adv. Pirow en sy volgelinge en daar is die Ossewabrandwag wat elkeen sy eie weg gaan en soos verbandlose guerilla-troepe die stryd om republikeinse vryheid voer. Het die tyd nie aangebreek dat alle republikeine, ongeag hul organisasieverband, saamstaan op hierdie gemeenskaplike ideaal nie?

Ons meen dat die noodsaaklikheid vir so 'n stap ten duidelikste uit voorgaande uiteensetting spreek.

Dit mag die standpunt wees van ministers in die kabinet, soos mn. Strydom en sy ideaal-genote, om hulle liever aan die koukusbesluit te onderwerp as om iets te doen wat die nasionale bewind in gevaar kan stel. Maar waar hulle dan verplig word om te swyg is dit soveel noodsaakliker dat hul party-vogelinge buite die koukus die nodige druk uitoefen om die party-hoofleiding op die republikeinse pad terug te dwing. In daardie dwanguitoefening verdien hulle die ondersteuning van elke republikein buite die party-verband.

Dog dit is veral noodsaaklik dat die gefnuikte republikeine binne die party moet besef dat die plig om die vryheidsideaal met alle mag te propageer in die heersende omstandighede tans hoofsaaklik rus op die republikeine buite die politieke party — nou dat die party-leiers en die party-pers of moet swyg of die republikeinse ideaal moet afwater of verloën.

Maar dit beklemtoon ook die behoefte wat daar bestaan aan 'n meer omvattende republikeinse front, en ons meen dat dit nodig is dat die republikeinse leiers kontak met mekaar moet soek ter voorbereiding van so 'n republikeinse verband — watter vormdit ook al mag aanneem.

Van Die Os Op Die Esel

Deur Sybrand

Die Groot Republikeinse Swye

Ek wil my lesers se aandag bepaal op vandag se datum. Dit is vandag die sestiende dag van Mei . . . En nog steeds swyg die H.N.P.-leiers oor die republiek.

Sedert 20 Maart, daardie veel-seggende dag, toe dr. D. F. Malan, op 'n koukusvergadering van die parlementslede van sy party, die monde van die republikeinse groep in die party gesnoer het, het nog nie 'n enkele H.N.P.-leier sy mond oor die republiek oopgemaak nie. Dis 'n baie betekenisvolle swye.

Ek kan egter nou eenmaal nie glo dat die leiers van die republikeinse groep in die H.N.P., sonder verset, die bevel tot republikeinse swye enduit gaan gehoorsaam nie. Indien dit gebeur, beteken dit dat die H.N.P., sonder 'n enkele kreet van protes, stilletjies omgeskep word van 'n republikeinse party na 'n Britse statebondsparty.

En tog is dit 'n feit dat selfs mn. J. G. Strydom, die H.N.P.-leier in Transvaal, gedurende die afgelope twee maande soos die graf geswyg het oor die republiek. Ek het mos belooft om in hierdie kolomme bekend te maak sodra hy weer 'n keer oor die republiek praat. Sedert ek die belofte gemaak het, het mn. Strydom verskeie openbare vergaderings toegesprek, maar hy het nêrens oor die republiek gepraat nie. Ek hou egter nog moed!

Ek wag geduldig vir 'n H.N.P.-leier om in die openbaar te verklaar dat die H.N.P. nog steeds 'n republikeinse party is en dat dit sy voortdurende strewe is om Suid-Afrika om te skep in 'n republiek, afgeskei van die Britse kroon, ryk en statebond. Sodra dit gesê word — of as daar slegs oor die republiek gepraat word — dan sal ek dit in hierdie kolomme publiseer. Ek herhaal my belofte.

Strydom „Op Sy Plek Gesit”

Dit behoort ongetwyfeld duidelik te wees vir my lesers dat ek van mn. J. G. Strydom verwag dat hy — ten spyte van die swygbevel — by elke beskikbare geleentheid, op klinkende wyse, sy republikeinse geloof moet bely. En moontlik het sommige van my lesers reeds agtergekom dat ek teleurgesteld is oor mn. Strydom se stilswye.

Derhalwe wil ek in billikheid teenoor mn. Strydom vertel van 'n uitlating wat 'n Kaaplandse volksraadslid — 'n man wat 'n belangrike rol in die H.N.P. speel — onlangs gemaak het. Net om te wys waarmee mn. Strydom te kampe het. Hierdie volksraadslid het met genoegdoening vertel van die koukusvergadering waar die republikeinse groep in die H.N.P. die swye opgelê is. En sy woorde was: „Ons het Hans Strydom lekker op sy plek gesit.”

Hierdie uitlating openbaar op treffende wyse wat die gesindheid is waarmee mn. Strydom deur 'n vernane seksie van die H.N.P. betrag word. Dit is vir hierdie seksie 'n rede om te juig as mn. Strydom op sy plek gesit word.” Dit is nou duidelik dat as mn. Strydom die swygverbod verontagsaam en opnuut begin republikeinse propaganda maak, dit 'n gulde geleentheid sal bied aan daardie seksie van sy party wat sy vyande is om hom nog 'n keer en moontlik doeltreffender as die eerste keer, op sy plek te sit.

'n Mens kan dus verstaan waarom mn. Strydom versigtig

is en voorlopig nog maar geswyg het oor die republiek.

Ek wil geen doekies omdraai nie. My doel is om mn. Strydom aan te moedig, om net soos die Ossewabrandwag, openlik en voortdurend te pleit vir die republiek. My advies is: hou die oë gerig op Kanaan en moenie dink aan die vleispotte van Egipte nie. En onthou die Oosterse spreekwoord: die man wat sy vyand se bevel uitvoer is 'n slaaf.

Mnr. J. G. Benade Kom In Die Gedrang

Daar het onlangs 'n baie vermetele berig in Die Volksblad verskyn waarop ek graag die aandag van my lesers wil vestig en waarvoor ek 'n paar woorde wil sê. Die berig lui: Daar is sterk sprake in Afrikanerpartykringe dat mn. J. G. Benade, lid van die hoofbestuur van die Afrikanerparty, nie by die Nasionale Party sal aansluit wanneer die nasionale party en die Afrikanerparty een word nie, maar na die Verenigde Party sal oorloop.

Is daar werklik „sterk sprake in Afrikanerpartykringe” dat mn. Benade na die V.P. sal oorloop? Is daar nie eerder „vurige hoop in Volksblad-kringe” dat mn. Benade dit sal doen nie? Ek vra die vraag na aanleiding van die herhaalde pogings van die Volksblad om mn. Benade, wat hoofbestuurslid van die A.P. is, as 'n Sap te brandmerk.

Dit is ongetwyfeld uiters laakbare verdagmakery teen mn. Benade om hom, sonder enige aanleiding, as V.P.-gesind voor te stel. En wanneer dit gedoen word deur 'n verantwoordelike koerant van die H.N.P. aan 'n vooraanstaande lid — die burgemeester van Bloemfontein — van die A.P. se hoofbestuur, dan is dit veelseggende kommentaar oor die gesindheid waarmee die H.N.P. die samesmelting met die A.P. beplan.

Hou Tog Op Met Uitsuiwering!

Die Volksblad se berig lui voorts: In Afrikanerpartykringe word verklaar dat mn. Benade blykbaar sy oog op die parlementêre setel Bloemfonteinstad het en waarskynlik in die aanstaande algemene verkiesing dr. Colin Steyn se teenstander binne die V.P. sal wees.” Myns insiens is hierdie sogenaamde verklaring uit Afrikanerpartykringe niks anders as 'n stukkie propaganda wat uit iemand se duim gesuig is nie. Maar hierdie stukkie propaganda verklaar vir my op ondubbelsinnige wyse wat die motiewe is wat agter Die Volksblad se vrees skuil dat mn. Benade lid van die nuwe party sal word.

Ek glo nie dat die gevaar is dat mn. Benade 'n nominasiestryd teen dr. Colin Steyn binnekant die V.P. sal voer nie. Ek glo eerder dat Die Volksblad bang is dat mn. Benade in 'n ander setel en binnekant die nuwe party 'n nominasiestryd sal voer en sal wen teen 'n voormalige H.N.P.-lid. Dit is vir my die enigste rede waarom Die Volksblad vroegtydig reeds begin om teen mn. Benade stemming te maak.

Maar as die H.N.P.-koerante nou-al begin met uitruikery van en verdagmakery teen A.P.-lede wat altemit en miskien 'n aspi-

rant kandidaat van die nuwe party kan word, dan wil ek vra watter afmetings gaan die uitruikery en die verdagmakery aanneem wanneer die samesmelting van die partye eers 'n voldoende feit is en die tyd vir kandidaatstelling in alle erns aanbreek?

Ek wil vroegtydig waarsku. As die nuwe party en die koerante wat hom gaan ondersteun 'n beleid van „uitsuiwering” gaan volg dan sal die samesmelting tussen die H.N.P. en die A.P. 'n klaaglike mislukking wees.

Hy Wag Op Die Voorwaardes

Ten slotte gee ek die onderhoud wat Die Volksblad met mn. Benade gehad het, letterlik weer soos dit in die blad afgedruk staan. Ek doen dit om my lesers 'n eerste-handse indruk te gee van mn. Benade se verbasing en verontwaardiging oor Die Volksblad se optrede. Die onderhoud lui:

„Die Volksblad: Daar is sprake, ook onder Afrikanerparty-lede, dat u nie by die Nasionale Party sal aansluit nie, indien die twee partye een word.

Mn. Benade: Ek weet daar niks van nie. Ek sal my standpunt op die kongres stel. Dit is verregaande voorbarig om nou so iets van my te sê.

„Die Volksblad: Maar verskeie vooraanstaande lede van die A.P. het reeds in die openbaar te kenne gegee wat hul houding sal wees.

„Mn. Benade: Ek wag op die kongres en ook op die voorwaardes. Dan sal ek sê of ek ten gunste of teen eenwording is.”

Die samesmelting tussen die A.P. en die H.N.P. is nog nie bewerkstellig nie. Die grondslag van die samesmelting is nog nie eers aangekondig nie. Maar Die Volksblad verlang van mn. Benade dat hy nou-al moet sê of hy die samesmelting sal steun. Waarom hierdie voorbarigheid?

Nuwe Party In Duitsland Wen Veld

'n Beweging wat deur die Geallieerde pers as nazisties beskou word, het ongeveer tien persent van die setels in Laer-Sakse verlede week verower. Die leier van die beweging wat onder die naam van Sosialis-tiese Ryksparty gaan, is genl. Ernst Remer wat self nie as kandidaat gestaan het nie.

Remer verklaar dat hy geen Nazi is nie, maar glo aan die beginsel van leierskap met gesag. Hy beskou die Bonn-regering as „samewerkers” en bepleit 'n gesuiwerde vorm van nasionaal-sosialisme waarin die beste idees van Hitler opgeneem sal word met uitsluiting van die foute.

Hy is gekant teen die herbe wapening van Duitsland solank Duitse militêre leiers soos Dönitz, Manstein en Kesselring nog in die tronk sit.

In 'n toespraak het hy Brittanje verwyt omdat hy nie met die Duitse leër vrede gemaak het ná Hitler se dood nie. Die leër kon dan teen Rusland geslaan het. Soos dit nou is, het Brittanje die oorlog in net so 'n mate verloor as Duitsland.

REPUBLIEK WAT MOEITE WERD SAL WEES

Volgens die Afrikaanse dagbladders het die Afrikanerdom nou twee verskillende republikeinse ideale. Die een is nl. 'n „demokratiese republiek” en die ander 'n „republikeinse gesagstaat.”

'n Demokratiese republiek is volgens die betekenis van die twee woorde, 'n volkstaat met volksgesag. 'n Republikeinse gesagstaat is 'n gesagstaat met die kenmerke van 'n volkstaat. Die gesag moet dan volksgesag wees of anders kan dit mos nie 'n volkstaat wees nie. Wat is dan nou eintlik die verskil tussen 'n demokratiese republiek en 'n republikeinse gesagstaat? Dalk kan mens dit raai.

Suid-Afrika is vandag 'n demokratiese koninkryk, waarvan die koning meesal afwesig is. Indien die koning vervang word deur 'n president, dan het ons 'n demokratiese republiek geword sonder veel ontwrigting en sonder dat enigeen enige ongerief aangedoen word. Die status quo sal eintlik maar gehandhaaf word, behalwe dat daar elke vyf jaar of so 'n presidentsverkiezing sal wees. Die president sal 'n wit trein kry om in te ry, twee huise te Kaapstad en een elk te Pretoria, Bloemfontein en Durban. Verder sal hy die parlement open, wette onderteken en homself onledig hou met tentoonstellings open, teepartytjies en allerlei onskuldige vermake. Moontlik sal hy ook Engeland besoek en tydens sy afwesig-

heid sal die hoofregter in sy plek waarneem.

PROSEDURE

Noudat Suid-Afrika tot hierdie gewichtige stap om 'n demokratiese republiek te word sal

**Deur
A. J. van Rooy**

oorgaan, sal die volk eers verenig word deur die kleurgevaar, en sodoende die steun van ons Engelssprekende medeburgers verkry word. Daarna sal 'n volkstemming gehou word en tot die stap om 'n republiek te

stig sal alleen oorgegaan word nadat 'n veilige meerderheid verkry is. Want indien die meerderheid nie groot is nie, kan 'n volgende regering dalk weer die president vervang deur 'n goewerneur-generaal wat die parlement moet open, wette onderteken en homself onledig moet hou met tentoonstellings open, ens. Dit sal dan die ineenstorting van die republiek wees, en die roemlose einde van die Afrikaner se republikeinse ideaal, wat per slot van rekening tog ook maar nie die moeite werd was nie.

SPLINTERNUUT

'n Republikeinse gesagstaat is 'n verjongde Suid-Afrika met 'n splinternuwe grondwet, gebaseer op beginsels en tradisies so oud soos die Afrikanerdom self. Die staatshoof sal president genoem word, en sal elke vyf jaar deur alle stemgeregtigdes gekies word. Hy sal self vir hom 'n kabinet benoem om hom by te staan in die uitvoering van sy gesag. Volgens Suid-Afrikaanse tradisie sal hierdie liggaam die „Uitvoerende Raad” genoem word en sal sowat sewe lede hê, wat geen ander amp sal beklee nie. Die hoofde van staatsdepartemente sal ook op hierdie raad sitting hê, wanneer sake wat hulle departement raak bespreek word.

PARTYE VERDWYN

Die wetgewing sal berus by 'n Volksraad wat deur die stemgeregtigdes gekies sal word volgens kiesafdelings. Die volksraadslede sal inderdaad die volksverteenwoordigers wees, aangesien hulle die volk sal verteenwoordig by die regering. Geen persoon sal tegelyk lid van die Volksraad en die Uitvoerende Raad kan wees nie. Dit sal politieke partye onnodig maak, aangesien partyleiding nie meer sinoniem met 'n moontlike ministerskap sal wees nie.

Dit is ook volgens eg Suid-Afrikaanse tradisie dat hierdie twee rade gekies is.

EKONOMIESE VERTEENWOORDIGING

Verder sal daar 'n „Tweede Volksraad” wees, gekies deur die stemgeregtigdes volgens hulle beroepe en belange. Hierdie liggaam sal o.a. belas wees met die toesig oor liggame soos die Spoorwegkorporasie (vroeër S.A.S. en H.), Yskor, Escom, Sasol, Radiokorporasie, ens. Hierdie Tweede Volksraad sal hom dus veral met binnelandse sake en dan in besonder die van ekonomiese aard besighou.

Hierdie republikeinse gesagstaat is dus heelwat meer as net 'n demokratiese republiek, en sal bepaald die moeite werd wees. Daarom sal mens ook die vrymoedigheid hê om hierdie republiek te stig as jy enigins die geleentheid het, want 'n Suid-Afrikaanse boom sal op die Suid-Afrikaanse bodem kan voortbestaan, groei en groot en magtig word.

Langebaan Eis Meer Ongevalle As Korea

Teen die huidige koers van vliegtuigongelukke op Langebaan, waar loodse opgelei word vir Korea, is die moontlikheid sterk dat die Koreaanse oorlog Suid-Afrika meer verliese tuis sal besorg as op die slagveld.

Verlede week het die sewende Spitfire sedert die begin van die jaar met 'n loods by Langebaan neergestort toe lt. C. H. Venter die lewe ingeskiet het.

Hierdie buitengewone hoë ongeluksyfer het die vraag al laat ontstaan of daar sabotasie gepleeg word en of die Britse vliegtuie wat vir die opleiding gebruik word minderwaardig is. Die verklaring wat die minister

kort gelede in die parlement gegee het, is dat daar aansienlik meer loodse as plaasvervangers vir Korea opgelei word as wat vir 'n gewone eskader nodig is.

Teen die huidige tempo van ongelukke skyn dit egter waarskynliker dat daar meer plaasvervangers vir Langebaan nodig is as vir Korea.

BRITTANJE SAL GOU VAL


Die mening dat Brittanje baie gou sal val indien Europa deur Rusland verower word is deur die Britse spuitvliegtuig-deskundige, sir Frank Whittle, teenoor die Unie-regering uitgespreek in 'n onderhoud in Kaapstad.

Hy het gesê dat Afrika strategies die belangrikste vasteland is omdat Europa alleen vanaf 'n Afrikaanse basis herower kan word. Dit bring mee dat die oorlogsnwyerhede in Afrika, en veral in Suid-Afrika, uitgebrei moet word ten einde soveel as moontlik selfgenoegsaam te wees.

Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B.”

SY LEWE WAS OP DIE SPEL . . .

'n Operasie was dringend nodig!



Dit het alles so skielik gebeur—Johan Theunissen het nie eers geweet dat hy siek is nie—ernstig siek—totdat hy in die hospitaal bykom en Nellie en die kinders, bled en beangs, om die bed sien staan. Sy lewe was in gevaar en daar was net één hoop—'n noodoperasie deur 'n spesialis.

'n Duur operasie! Maar gelukkig sou daar uitkoms wees, want op Johan se Sanlam-polis sou hulle 'n lening—sonder rente—kon aangaan, om die onkoste van die operasie en hospitaal te help dek . . .

Daar is altyd uitkoms by Sanlam!



Sanlam, Afdeling 17b, Posbus 660, Kaapstad.

Laat my asb. dadelik weet hoe ek rentevrye lenings vir noodoperasies kan aangaan.

NAAM:

ADRES:

Beroep:..... Ouderdom volgende Verjaarsdag..... (2



Waar u ook mag wees

Kommando

—die *gewildote*

Suid-Afrikaanse sigaret



CARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

PRINS — Ons het van die Heer ontvang op 4 Mei 'n lief klein dogtertjie — 'n sussie vir haar twaalfjarige boetie. Ons innige dank aan dokter, suster en verpleegsters van Vredenburg Privaat Hospitaal. Die Ouers, Koos en Johanna Prins. (geb. van Rhyn); Bosgaasheuwel.

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse Babawaentlies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapete, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSEK-MEUBELS**, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

GRYSHARE

GRYSHARE herstel, skilfers verwyder, haregroel bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER**, die jongste kunsmaatskap wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. Boeregenesismiddels, Posbus 4272, Johannesburg. C/1/9/49



Besoek ons Tak in die Wandelgang, Grootte Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.

Antigrys kunsmatige haar, kopvel voeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou**, Posbus 7559, Johannesburg. F14/6/50

MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis **GESONDHEID**, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis. — **Boeregenesismiddels**, Posbus 4272, Johannesburg. A/1/9/49

Voor u alle hoop van genesing laat vaar, en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulase, raadpleeg **Die Boerevrou**, Bus 7559, Johannesburg. (Nr.1) 1/9/49

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heuplig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: **ANDREWS SE PYNPLEISTERS**, Posbus 775, Pretoria. 6/12/5

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-Ingenieurs, Stasieweg, **PAROW**, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Poon 9-8435

TE KOOP GEVRA

Twee swaar trekperde. Percheron of Clydesdale. Skryf aan: Adverteerder, Posbus 1411, Kaapstad.

Plaaslike Bestuur Moet Verander Word Sê L.V.

Die O.B. is sterk gekant teen die huidige Britse stelsel van plaaslike bestuur om redes wat al voorheen in ons blad uiteengesit is. Veral die groter stadsrade in ons land openbaar steeds meer hul gebreke en onvermoë namate die stede in omvang toeneem. Behalwe allerlei ander euwels werk die verouderde stelsel vandag gesinsbeperking in die hand weens duur belastinge en ander faktore — gesinsbeperking op 'n tydstop wanneer die voorstanders van hierdie stelsel roep om groter immigrasie om ons bevolking aan te vul.

Hieronder verskyn 'n pleidooi wat mnr. Harm Oost onlangs in die volksraad gehou het vir die noodsaaklikheid van 'n veranderde stelsel. As 'n persoon wat kennis gedra het van die ou Republikeinse stelsel in Transvaal, is mnr. Oost se mening nogal belangwekkend.

„In ieder geval kan ons daaroor saamstem dat die munisipale beheer 'n verandering behoort te ondergaan, en met u verlof wil ek kortliks nagaan waaraan hierdie ongunstige reuk waarin die stedelike beheer staan, gewyt moet word, en tweedens wil ek die vraag stel watter verbetering daar misken aangebring kan word. Wat is die oorsaak van die bestaande moeilikhede en slegte naam wat munisipale beheer het? Die oorsaak daarvan is, meen ek, dat aan die munisipaliteite, heeltemal anders as aan provinsiale regerings en aan die Unieregering, wetgewende en administratiewe pligte in dieselfde persone opgedra is.

„'n Stadsraadslid beskik nie alleen oor regulasies en wetgewing ten opsigte van munisipaliteite nie, maar hy het ook aanstellings onder hom, en selfs die aankoop van grond, en die twee saamgebring in een persoon, veroorsaak, meen ek, platweg gesê dat daar so baie gevalle van korrupsie plaasvind. Dit behoort verander te word. Wanneer ek hierdie versoek tot die parlement rig, dan doen ek dit op aansoek van verskillende vriende wat graag wil hê dat hierdie saak aandag moet kry. Baie mense voel, in verskillende dele van die land, dat daar verandering moet kom. . .

BURGEMEESTER BENOEM

„Maar daar is ander dinge in verband daarmee wat moet nagegaan word. Daar is selfs in Pretoria reeds dikwels die opmerking gemaak deur kiesers vir die stadsraad dat dit misken tyd is dat daar 'n burgemeester aangestel word, dat die regering vir elke groot dorp 'n burgemeester sal aanstel, en dat die burgemeester nie sal gekies word nie. Dit sou ooreenkomstig die ou Transvaalse tradisie wees. Ons ouers weet nog dat in die dae van die Republiek die burgemeester aangestel is deur die regering, en jy kry dieselfde stelsel ook in Europa, op die Vasteland. In Holland het jy die burgemeester en wethouers, en in Engeland was die ont-

wikkeling wel anders op munisipale gebied maar het jy ook die stelsel van aldermen gehad, en al die stelsels is bedoel om vastigheid te kry in munisipale beheer.

„ONAANGENAME DINGE”

„Daarom dink ek dat dit allesins geregverdig en aanbevelenswaardig sal wees om die stelsel wat ons vandag het, te verander sodat daar 'n vaste burgemeester sal wees, 'n man wat geag sal wees, 'n regeringsampenaar, en ook 'n hoogstaande man, en saam met hom 'n uitgesoekte klein klomp mense, sterk mense, wat deur die regering verantwoordelik gehou sal word vir die behartiging van geldsake. As ons sover kan kom om 'n burgemeester aangestel te kry deur die staat en ook 'n klein komitee, ook aangestel, wat beheer sal hê oor die geldsake van die munisipaliteite, meen ek dat die groot oorsaak van die onaangename dinge waarvan ons vandag so baie hoor, weggeneem sal word. . .

GROOT GELD

„As jy 'n plek kry soos Kaapstad waar verlede jaar, in 1950, die totale inkomste nie minder as £7,000,000 bedra het nie — in Johannesburg sal dit waarskynlik aanmerklik meer wees, maar ek het nie die syfers nie — dan sal jy die posisie hê dat daar behoorlike beheer uitgeoefen word, terwyl vandag die posisie is dat onder die bestaande stelsel daar nie behoorlike beheer is nie, wat ongetwyfeld aanleiding gee tot korrupsie.

VIER VERF EEN PAAL

„Natuurlik word in 'n stad

soos Pretoria baie van die werk ook uitgevoer deur amptenare wat onder die stadsraad staan, maar as jy in die strate van Pretoria loop, dan sien jy dat die werk ook nie gedoen word soos dit behoort gedoen te word nie. Ek het al staan en kyk na iemand wat besig was om 'n paal te verf. Dit was baie koud die dag. Die man het bo-op die leer gestaan en daar op sy gemak strepe staan en trek op die paal. Onder by die leer het 'n naturel gestaan wat die leer vasgehou het en langs hom 'n ander naturel wat 'n ander pot verf aangemaak het en 'n derde naturel het die vuurtjie aan die gang gehou, sodat as die baas van die leer afkom, hy sy hande by die vuur kan warm maak. Daar het jy die een man gehad wat 'n paal moes verf en hy het drie naturelle gehad om hom te help. Daardie soort dinge moet op 'n end kom, en ek dink dit sal op 'n end kom as ons in oorweging neem die punte wat ek hier aan die hand gegee het.

Elektrisiteit Uit Atoomkrag

President Peron van Argentinië, wat onlangs daarop aanspraak gemaak het dat 'n Duitse wetenskaplike in Argentynse diens, 'n nuwe metode ontwikkel het om atoomkrag vry te stel, het in 'n boodskap aan sy volk gesê dat die hele elektriese stelsel van die land binne twee jaar moontlik deur atoomkrag gedryf sal word.

„REGSPLEGING”

In watter gees die verhoor van „oorlogsmisdadigers” gevoer word wat nog steeds in België aan die gang is, ses jaar na die oorlog, kan afgelei word van die uittaling van 'n Belgiese koerant „Vooruit” na aanleiding van die bewering van genl. Von Falkenhäusen dat die Belgiese Sosialistiese politikus, Henri Spaak — wat verantwoordelik was vir die abdikasie van koning Leopold omdat hy dan met die Duitsers sou saamgewerk het — probeer het om met die Duitsers saam te werk tydens die besetting. Von Falkenhäusen was toe militêre goewerneur van België. Die Belgiese blad merk bitsig op:

„Die voormalige militêre bevelhebber sal nie sy reputasie verbeter met sulke skandalige en ongeleë verklarings nie. Hy bewys sy kollegas wat nog op verhoor wag, daarmee nouliks 'n guns.” Hiervolgens moet aangeneem word dat in Belgiëse verhoor van „oorlogsmisdadigers” die hof hom nie net laat lei deur getuïenis aangaande misdrywe wat tydens die oorlog gepleeg sou gewees het nie,

maar ook deur dade ná die oorlog — nie net van die beskuldigdes self nie, maar ook van hul vriende.

En wanneer 'n beskuldigdes ses jaar lank moet wag voordat hy verhoor word, kan sy misdaadrekord nogal aansienlik aanwas!

'n Uitrusting

Om Mee

Te Spog

VAN

Steyns

Parow

Intekenvorm

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B.” tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....vir die eerste.....maande.

NAAM.....
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES.....

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Teken in op DIE O.B.!

Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning: DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.

DIE O.B.

- Verwerp die Partystelsel wat die volk verdeel en veg vir die Partylose Eenheidstaat.
- Verwerp verteenwoordiging deur handlangers van politieke partye en veg vir regering deur vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.
- Verwerp die Kapitalisme en veg vir 'n Afrikaner-volkseconomie.
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese integrasie van die nie-blanke en veg vir territoriale apartheid.

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.

DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

Herinneringe uit die Vryheidstryd (6)

13-JARIGE DOGTER HARDLOOP TEEN GEHUURDE ATLETE VIR BROOD

Toe die Nasionale Party met die hulp van die Arbeiders in 1924 aan bewind gekom het, was die agterstand van die Afrikaners feitlik op elke terrein baie groot. Die volk was verarm en verwaarloos. Ek het dit veral op die Rand en in die groot stede so aangetref. Daar was sedert die Tweede Vryheidsoorlog bepaald magte aan die werk vir die ekonomiese — naas die geestelike — ondergang van die Afrikaner. Aan die spits van alle bedrywe en in die staatsdiens het vyandiggesindes gestaan. Daar was min kans vir 'n Afrikaner anders as een wat sy eie volk se tradisie en ideale versaak om enige betrekking van betekenis te kry.

Die Afrikaner het swaar gelewe in 'n ongeorganiseerde vaderland waar 'n volksekonome se beleid glad nie bestaan het of eers aan gedink is nie. Volksorg as 'n beleid onder leiding van die staat gevoer, was iets onbekends. Liefdadigheid en tydelike verligtingsmaatreëls is al wat selfs die ware Nasionalis en Arbeider aan gedink het in die begin. Dit was 'n ekonomiese en maatskaplik ontredde land wat die Eerste Wêreldoorlog vir die volk hier nagelaat het. Na die bewind-aanvaarding van die Ooreenkomsregering is daar wel werk op die spoorweë, paaie en ander staatsondernemings aan behoeftiges en werkloses aangebied, maar daar was nog geen deurdagte plan vir 'n volksekonome se rekonstruksie nie. Wetenskaplik is dit van staatsweë nooit eens aangepak nie. Die verdriedubbeling van die getal armblankes in die vaderland gedurende die bewind van die Nasionale en Arbeiderspartyregering bewys wat ek hier sê.

AFRIKANERS UITGESKAKEL

Maar hoe beslis die Britse beleid van uitskakeling van die Afrikaner uit o.a. die staatsdiens, ook nog onder die Smutsbewind was, blyk uit die volgende wat, soos ek meen, nou hier vir die eerstemaal deur middel van die pers openbaar gemaak word. Dit was my indertyd nie veroorloof om ministeriële sake van die aard publiek te maak nie, hoewel ek persoonlik daarvan ingelig was en by herhaling verloor vir publikasie gevra het. Dit is naamlik dat dr. D. F. Malan se voorganger, indertyd, Patrick Duncan, minister van binnelandse sake, se kantoor 'n waarskuwing gerig het aan hoofde van staatsdepartemente om nie Afrikaners in verantwoordelike betrekkinge aan te stel nie en versigtig te wees wat hul bevorderings betref.

Die dokument met daardie inhoud is agter die houtbeskot gevind waar dit by ontruiming om plek vir die nuwe minister te maak weggesteek was.

GEKNIEHALTER

Vir my was deur sowel die eerste minister as die betrokke minister gesê dat van hierdie omsendbrief op 'n meer geleë oomblik in die openbaar deur die minister self gebruik gemaak sou word. Genl. Hertzog het egter eenmaal in die volksraad by wyse van 'n skimp daarna verwys sonder besonderhede te noem. Die publiek was daarvan nie ingelig nie. Die Afrikaner-amptenaar was deur ondervinding bekend met die vyandigheid van die Smutsregering teenoor hom.

Die Nasionale regering waarin imperialiste soos kol. Creswell en ander gesit het as verteenwoordigers van 'n sterk Britsgesinde Arbeidersparty, was gekniehalter en baie van sy tekortkomings moet daaraan toegeskryf word. Dit was 'n Nasionale Partyregering op krukke.

OOREENKOMS

Dit is nie onvanpas om hier terloops van die totstandkoming van hierdie Ooreenkomsregering te vertel nie. Hoewel die Nasionale Party en die Arbeiders ooreengekom het om saam die Smutsbewind te beveg en daarteen die verkiesing te voer deur mekaar se kandidate te onder-

Deur
J. A. Smith

steun, was dit wat Kaapland en die Vrystaat betref, al ooreenkoms. Van 'n koalisie-regering was daar geen sprake nie. Toe genl. Hertzog deur die goewerneur-generaal ontbied is om na Smuts se nederlaag 'n regering te vorm, het hy 'n kabinet van nege saamgestel en die manne, almal Nasionalistes, saam na Pretoria ontbied. Die tiende sou hy na hy die ander geraadpleeg het, aanstel. In Pretoria aangekom, vind hy dat Tielman Roos op eie houtjie Creswell en Boydell nie alleen vooraf sitting in die kabinet beloof het nie, maar hulle setels aangebied het. Onder die manne wat genl. Hertzog in sy kabinet opgeneem het was Wilcocks en Jansen. Met twee Arbeiders daarby sou daar elf in plaas van die gewettigde tien ministers wees.

MOEILIKHEDE

Sowel genl. Hertzog as die ander was met Roos se optrede nie tevrede nie. Wat Kaapland betref kon sy verteenwoordigers in die kabinet nie so 'n stap, dié van 'n koalisieregering goedkeur sonder raadpleging met ten minste die hoofbestuur van die N.P. in Kaapland nie. Ondersteuners van Piet Grobler, een van die nuwe ministers, wou ook nie hierdie byvoeging tot Roos se ondersteuners in die kabinet goedkeur nie en eis toe die insluiting van genl. Kemp. Daar was altyd 'n Roosen Grobler-seksie. Dit plaas genl. Hertzog voor 'n nog moeiliker posisie en 'n haas onoplosbare. Hy het selfs gedreig om toe die tyd verstreke raak om aan die goewerneur-generaal se versoek te voldoen, hom te laat weet dat hy nie by magte was om 'n kabinet saam te stel nie. In plaas van tien ministers waarvoor daar plek was, sit hy toe met twaalf. Uiteindelik besluit hy om Wilcocks en Jansen te nader om terwille van die lieue vrede af te sien van hul aanstellings en beloof hy Wilcocks die betrekking van voorsitter van die Spoorweeraad en Jansen die betrekking van Speaker. Die Eerste Minister het sy kabinet met onderlinge tweedrag begin.

HULPMIDDELS

In die tyd van groot volksarmoede en met gebrek aan 'n plan van ekonomiese heropbou — nie weens onwilligheid nie, maar bloot gebrek aan 'n rigtingnemende beleid — is toevlug tot tydelike en populêre hulp-

middels geneem. Onder andere is een diamantdelwery na die ander oopgestel wat duisende mense in die soek na bestaan getrek het, 'n stap wat vir 'n lang tyd nogal baie gewild was. Inderdaad, hoewel miskien nie so bedoel nie, was dit fopsene. Skaars was die een geproklameer of 'n geroep om nog meer gaan op. Baie het dit as 'n soort Vaderkrismis-daad van die kant van die regering beskou. Die regering en L.V.'s van daardie geweste het populêr geword namate die dolle jag na rykdom of uitkoms voortgesit is.

STORMLOOP

Ek kry opdrag van die nuusredakteur om die groot stormloop vir die afpenning van kleims op Grasfontein, toe veronderstel om die rykste te wees, te gaan bywoon, die stormloop te beskryf asook delwerytoestande in die algemeen.

Toe ek die aand op Lichtenburg aankom, was die plein en strate 'n wemelende massa van alle soorte mense en stande, sommige waarvan 'n mens aan die prentjies van die „Wild West” herinner het. Ek kon nie een sitplek, skaars staanplek wat nog te sê herberg kry. Al wat ek kon uitvind, was dat daar teen middernag vragmotors na Grasfontein vertrek en passasiers oplaai. Toe ek in die donkerte op Grasfontein aankom moes ek versigtig loop om nie mense raak te trap nie wat oor die hele delwerye rond lê en slaap in afwagting van die volgende dag se stormloop. En as jy te naby aan iemand kom, vat hy sy pistool reg. Elkeen het die ander as 'n potensiële rower aangesien.

Om agtuur die oggend het 500 berede polisie opgedaag en al wat leef, man, vrou en kind voor hulle uit tot oor die wegspringlyn twee, drie myl daarvandaan gedryf. Dit was 'n vreeslike uittoeg. Ek het plek op 'n bekende se motor gekry. Die duisende rytuie het tot agter die bult gegaan en die lisensiehouers wat aan die stormloop deelneem is in 'n lang ry, anderhalf myl lank, agter die lyn deur die polisie opgestel in afwagting van die sein wat presies om twaalfuur gegee sou word vir die wegspring.

25,000 HARDLOOP

Vyf-en-twintigduisend mense het aan die grootste stormloop in die wêreld se geskiedenis deelgeneem. Ek het my tussen hulle begewe en begin uitva. Daar was o.a. 'n Australiese atleet wat deur 'n Randse sindikaat teen betaling van £500 laat kom is. Daar was ander bekende hardlopers wat van £25 tot £50 en meer ontvang het. Wie eerste op die delwery aankom kan eerste sy kleim afpen. Almal het vier skerp penne met nommerplate aan in die hand gehad. Tussen hierdie hardlopers het ek 'n dogtertjie van dertien jaar met penne in haar handjies opgemerk. Sy vertel my dat sy vir haar Oupa en Ouma, daar agter die motors op 'n donkiekarretjie, hardloop. En daar sit 'n ou Oom en Tante,

krom, oud en afgeleef wat my vertel hoe hulle in die Engelse oorlog geruïneer is en nou maar rondwaal op die delwerye waar goeie mense hulle soms toelaat om tussen hul gruis splinter-tjies te soek om siel en liggaam aan mekaar te hou. Nou hoop hulle om ook 'n kleim in die hande te kry — ook 'n bietjie van Godsgawe uit eie vaderlandse bodem.

„GRAFTE”

Na die duisende weggespring en die grasveld skoon plat getrap het, ry ons agterna om te sien wat daarvoor gebeur. 'n Kwart myl of verder van die wegspringplek vind ons die dogtertjie op 'n miershoop snikend en in tranen. Sy het 'n pyn in die sy gekry. Wat 'n teenstelling! Watter kans het die dogtertjie van daardie ou vaderlander en al die ander teen die beroemde naellopers van die rykes? En hierdie delwerye het die menigte geen voorspoed gebring nie. Vir my was dit of die delwing van die duisende en duisende gate met hul gruis-hopies langsna die grafte van 'n sterwende volkie simboliseer. Van stof tot stof.

WATER VERKOOP TEEN 9d. PER GELLING

Dit was 'n skokkende bestaanslewe wat daar gevoer is. Dit was teregend om die toe-

stande op die delwerye te sien. Geen behoorlike gesondheidsmaatreëls of geriewe nie. Mense het tussen vuilnis geleef. Ek het gesinne onder een en meer sinkplate as hul enigste beskutting teen die weer sien inkrul. Ek het gesinne, en een van vier, onder 'n paar sakke oor 'n skuins hout gespan sien woon. En dit was nie uitsonderingsdaardie nie. Op sommige delwerye is water teen nege pennies per gelling verkoop. Fisies en geestelik was sulke toestande in 'n christelike land ontoelaatbaar.

Maar sluiting van daardie delwerye kon niemand waag om in die pers te bepleit nie. Die mense sou teen die party en regering gekant raak. Selfs die voorsitter van die pers wat ek verteenwoordig het, was volksraadslid van 'n delweryafdeling. Eers later toe die mense die grafte vir hul ondergang klaar gegrawe het, kon die rem aangedraai word. So troon die sg. demokrasie bokant 'n steeds sterwende mensdom terwyl leiding en dissipline nodig is. Die pers is nie vry in 'n land waar partybelange swaarste terwille van sy bestaan weeg nie.

'n Uitvinding wat die inmaak van varsmelk moontlik maak, is so pas in Amerika aangekondig deur 'n landboukundige navorsers, dr. Roy Graves. Hy het gesê dat sy proses reeds 2,000 gelling vars blikkies melk per dag produseer.

WONDERLAND VIR REISIGERS



Grootmense vergeet nooit hul kinderdrome nie, toe alle reise hulle na 'n wonderland weggevoer het. Vir almal van ons is daar nog steeds opwinding in 'n kragtige lokomotief, 'n opstygende vliegtuig, en 'n voortsnellende motorkar. Suid-Afrika was nog altyd 'n land waarin die bergpasse en die grootpaaie onder 'n helder blou lug 'n besondere bekoring aan reise verleen. Hierdie wonderland vir reisigers is binne ons bereik gebring deur die groot vervoerstelsel van ons land, wat die spoorweë, die lugdiens en die padmotordiens behels.



SUID-AFRIKAANSE SPOORWEE - LUGDIENS PADMOTORDIENSTE

,Juweeltjies' uit Hansard: Pot Krap Ketelroet Oop

Elke woord wat daar in die parlement gepraat word, kos die land ongeveer £3. Meeste woorde is net 'n getwis teen die regering deur 'n opposisie wat niks anders te doen het nie — soms oor dinge wat daardie opposisie self gedoen het toe hy aan bewind was of sal doen as hy aan bewind kom, soos blyk uit onderstaande aanhaling uit Hansard nommer 13 van 1951 (die getwis gaan oor 'n „valbyl” wat die huidige regering ingevoer het, maar waarteen hy net so hewig lawaai het toe hy opposisie was):

MNR. WARING: Ek merk op dat die agb. lid vir Mosselbaai (dr. Van Nierop), wat verskeie sprekers in die rede geval het, ook teen die valbyl geredeneer het, en soos die agb. lid vir Sunnyside (mnr. Pocock) wil ek onder die aandag van die Raad bring wat hy 'n rukkie gelede gesê het oor die dergelyke valbyl-voorstel. Miskien het die agb. lid die goeie ou dae vergeet toe hy op 20 Mei 1944 dit gesê het —

Ek wil graag 'n beroep op die Raad doen en op agb. lede aan die anderkant wat tot hiertoe nog nie 'n woord oor die mosie gesê het nie. Ek wil graag „hoor, hoor!” sê hierop. Hy het verder gesê — Dit behoort nie die posisie te wees nie. Ons behoort behoortlik tyd te gee aan die wetgewing wat voor ons kom. Ek wil die Minister vra om vir 'n oomblikkie te vergeet dat hy Minister is.

En later dit —
Waarom moet ons aan bande gelê word in verband met 'n wetsontwerp wat volgens ons oortuiging 'n onreg doen aan 'n groot gedeelte van die volk?

DIE MINISTER VAN ARBEID: Wat was u standpunt toe?

MNR. WARING: Daarna sê hy —

As ons gekies word as lid van die Volksraad, dan moet ons bereid wees om van 1 Januarie tot 31 Desember te sit as die omstandighede dit van ons vereis.

Toe die agb. lid vir Mosselbaai daardie woorde gebesig het, sou ons amper gedink het dat hy gepraat het oor 'n maatreef van die grootste konstitusionele betekenis. Maar hy was besig om te praat oor die Landnedersettingswetsontwerp van 1944, en al hierdie hoogdrawende uitdrukkings wat die agb. lid gebruik het, is gebruik in verband met daardie wetsontwerp.

SELF VOORGESTEL

DIE MINISTER VAN ARBEID: Het u 'n valbyl voorgestel in verband met die Landnedersettingswetsontwerp?

MNR. WARING: Ja, op die Landnedersettingswetsontwerp.

MNR. RUSSELL: Na dae van bespreking.

MNR. WARING: Ek merk op dat die agb. Minister van Arbeid 'n tussenwepel maak. Ek het hier dele van Hansard waarin d'e agb. Minister van Arbeid in die verlede ook heelwat te sê gehad het oor die valbyl. Ek wil aanhaal wat hy gesê het.

DIE MINISTER VAN ARBEID: Ek is sedertdien bekeer.

MNR. WARING: Ek het opgemerk dat die Minister bekeer is.

DR. VAN NIEROP: Is u ook bekeer?

MNR. WARING: Ek is ten minste konsekwent. Ek het die valbyl bestry in die dae toe die regering d't voorgestel het toe ek lid was van die regerings-party.

'N AGB. LID: Het u dit bestry?

MNR. TIGHY: Ek ook.

MNR. WARING: Ek het dit bestry, en ook die agb. lid vir Johannesburg-Wes (mnr. Tighy). Die agb. lid vir Woodstock (mnr. Russell) het dit ook gedoen.

MNR. TIGHY: U is te bang om dit te bestry.

MNR. S. J. M. STEYN: Lede aan daardie kant is stemvee.

MNR. WARING: Maar laat ons nagaan wat gebeur het in die geval van 'n valbyl-voorstel wat 'n ooreengekome maatreef was.

TOE BESWAAR GEMAAK

Hier het ons 'n ooreengekome maatreef en nogtans het die Opposisie daarteen beswaar gemaak. En met watter uitlatinge het hulle daarteen beswaar gemaak? Ek wil aanhaal wat die Minister van Justisie gesê het (Deel 60, kol. 1719) —

Tweedens wil ek my dadelik verset teen die valbyl-mosie. 'n Ooreengekome mosie —

Ek is gekant teen die valbyl in beginsel en ook uit die oogpunt van die praktyk. Ongelukkig het tydens die oorlogsjare, in abnormale tye, die stelsel van die valbyl opgegroeë omdat daar oorlogstoestande was en die regering haastig was om dringende sake af te handel.

Hy gee hier die redes aan waarom die valbyl voorgestel is. Hy se verder —

Ek meen dat ek nie verkeerd is nie as ek sê dat destyds ook die versekering gegee is aan hierdie Raad dat dit maar vir abnormale tye is en dat daar geen gedagte is om dit in normale tye toe te pas nie.

Die agb. Minister van Justisie het nog verder dit gesê —

Die land het rede om ontevrede te wees as die werksaamhede op die manier afgehandel word en belangrike sake deurgaans sonder enige bespreking.

Dit is wat hy gesê het in verband met die valbyl van 125 uur vir Begrotingskomitee.

MNR. P. J. H. LUTTIG: In hierdie geval was daar 'n ooreenkoms oor die tyd.

MNR. RUSSELL: Dit was natuurlik 'n valbyl.

MNR. WARING: Die agb. lid vir Calvinia (mnr. P. J. H. Luttig) verstaan nie die posisie goed nie. Die Minister van Finansies het hierdie mosie voorgestel om die Begrotingskomitee te beperk tot 125 uur, en verskillende items is toe vasgelê. Die Minister van Justisie het verder gesê —

Laat ons nog 'n maand sit . .

MNR. MUSHET: Wie het dit gesê?

„TIRANNIES”

MNR. WARING: Die huidige Minister van Justisie. Toe het hy verder gesê, en ek dink dat dit nogal vermaaklik is —

Jy kan nou praat totdat jy blou is in jou gesig, en die Minister kan daar sit en lag omdat hy weet dat die tyd om is.

Eindelik het hy sy toespraak beëindig met hierdie woorde — Hierdie houding van die Regering is tirannies . . .

Ons het 'n ooreengekome maatreef gehad en hy sê dat dit tirannies was —

. . . ondemokraties en outokraties, en nie bevorderlik vir die goeie samewerking, dit is ook nie bevorderlik vir die beste belange van die land en die behandeling van sake wat die land aangaan nie.

Dan gaan hy verder om te sê dat hy daarteen sal stem. As u daardie debat nagaan mnr. die Speaker, dan sal u vind dat daar 'n amendement voorgestel is. Daar was toe 'n hoofdelike stemming en ek wil die name voorlees van 'n paar van die lede wat aan daardie kant van d'e Raad sit en wat teen 'n ooreengekome valbyl-mosie gestem het . . .

Hulle word moeilik en hulle sê dat die Opposisie die mees onmoontlike Opposisie is wat die land nog ooit geken het.

MNR. VOSLOO: Hoor, hoor.

SKOONVADER

MNR. WARING: My agb. lid sê, hoor, hoor. Hy was een van die mense wat teen die valbyl gestem het. Ek sal my skoonvader moet gaan spreek oor die agb. lid. Hy sal nie aanstaande week afpaar nie. Toe die amendement voorgestel is deur die Leier van die Opposisie . . .

DIE MINISTER VAN FINANSIES: Dink u werklikwaar dat ons iets bereik met hierdie soort ding? Gee dit u groot bevrediging om te weet wat so of so gesê het?

MNR. WARING: Nee, maar ek wil die indruk regstel wat daar in die land geskep is dat ons vandag 'n volslae opstruksie-opposisie het.

DR. VAN NIEROP: Maar u het gesê dat u hierdie wetsontwerp met hand en tand gaan bestry.

MNR. WARING: My agb. vriende het gesê dat hulle die Landnedersettingswetsontwerp met hand en tand sou bestry; hulle sou die Huurwetsontwerp met hand en tand bestry. Hulle sou die Dongolawetsontwerp met hand en tand bestry.

DIE MINISTER VAN ARBEID: En wat omtrent die Fabriekswet?

MNR. WARING: Die Fabriekswet ook.

DIE MINISTER VAN ARBEID: Ons het nie die Fabriekswet bestry nie; ons het dit ondersteun.

MNR. WARING: Daar was 'n valbyl oor die Fabriekswet, en ek dink dat dit toe was dat die agb. Minister van Arbeid deelgeneem het aan die debat. Ek gaan nie meer aanhaal nie. Ek het al die Hansard-dele hier. Ek wou heelwat aanhaal, maar ek gaan nie meer aanhaal nie.

DIE MINISTER VAN FINANSIES: Dit bring u nêrens nie.

(Vervolg in volgende kolom.)

BRITTE SPEEL MET KOMMUNISME

In Brittanje is 'n beweging aan die gang, veral onder leiding van wetenskaplikes, om vrystelling te verkry vir die twee atoomspioene, Klaus Fuchs en Nunn May, wat tot lang tronkstraftermyne veroordeel is omdat hulle atoomgeheime aan Rusland verskaf het. Die beweegrede wat genoem word is dat hierdie twee manne 'n waardevolle hydrae tot atoomnavorsing kan lewer. Daar moet dan net streng toesig oor hulle gehou word.

Die standpunt van die regering op die oomblik is nog dat dit nie kan gebeur nie uit vrees vir die openbare mening. 'n Tyd gelede het Intelligence Digest verklaar dat Fuchs en Pontecorvo — laasgenoemde het verlede jaar na Rusland met gesin en al weggeloop — vir 'n kritieke tydperk beskerm is deur per-

(Vervolg van voorgaande kol.)

OPPOSISIE VAN TOE

MNR. WARING: Maar laat my net voorlees wat die huidige Eerste Minister, toe hy Leier van die Opposisie was, in 1940 voorgestel het. Hy het 'n amendement voorgestel en hierdie amendement het gelui — . . .

Dit was by daardie geleentheid dat die destydse Leier van die Opposisie, die huidige Eerste Minister, gesê het —

. . . hierdie mosie is niks anders as 'n aanval op die vryhede van die volk nie. Hierdie mosie is niks anders as 'n rampokker-mosie nie. Daar is by vorige geleenthede gesê dat daar in Suid-Afrika net een voorbeeld van so 'n optrede teen die volk is, en dit is die voorbeeld van Chaka. Lede lag, maar dit is waar.

Daar was 'n swart Chaka.

'n Agb. lid het toe 'n tussenwepel gemaak en gesê —

U bedoel Dingaan. Die Eerste Minister het verder gegaan —

Die Eerste Minister is die wit Chaka. Nee, mnr. die Speaker, as ek sê dat die Eerste Minister die wit Chaka is, dan lyk dit asof dit puur Suid-Afrikaans is, maar hy is die rooi Chaka eenvoudig omdat ons hier 'n openbaring het van die geestestoestand van die Eerste Minister.

Dit is die dinge wat destyds gesê is, en hulle is herhaaldelik gesê . . .

sone in hoë posisies voordat hul verraad aan die lig gekom het, en dat daar op die oomblik minstens twee atoomdeskundiges in Brittanje is wat geheime verklap maar op dieselfde wyse beskerm word.

Die Daily Express het teen die einde van verlede jaar berig dat daar nog 'n groot aantal eertydse kommuniste in die Britse laboratoria's deur die regering gehandhaaf word. Laasgenoemde is tevrede gestel met die versekering van hierdie vertrouelinge wat hulle maar net uit ontevredenheid met die Chamberlain-bewind of weens Pro-Russiese gevoelens tydens die oorlog by die Kommunistiese Party aangesluit het, maar sedert die einde van die oorlog weer bedank het.

Dat dit deel van die kommunistiese ondergrawingstaktiek is om sleutelmanne van alle kommunistiese verband in die openbaar te onthef, skyn vir die Britse regering of onbekend of onbelangrik te wees.

Empirekonferensie Oor Verdediging

'n Verdedigingskonferensie van die Empire waaraan alle ministers van verdediging sal deelneem, word moontlik teen die einde van volgende maand in Londen gehou. Die belangrikste saak op die agenda sal die verdediging van die Midde-Ooste wees — 'n taak wat hoofsaaklik aan die Britse Ryk toegesê is, wat dit op sy beurt weer aan Suid-Afrika, Australië en Nu-Seeland opgedra het.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

O.B. JAARGANGE

JAARGANG 1949—1950

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.

PRAGTIG INGEBIND

VOORRAAD BAIE BEPERK

BESTEL DUS DADELIK BY:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad